**3 Desember**

**Geloof is genade in aksie!**

**Skrifgedeelte: Lukas 17:11-19**
**Fokusgedeelte: Lukas 17:15 en 16**

Geloof is nie maar net om met vrymoedigheid jou nood na Jesus te bring nie. Geloof is ook meer as om net te glo dat Jesus jou sonder medisyne en dokters gesond kan maak. En om in gehoorsaamheid aan die Woord en die Wet te leef, maak ook nie van jou ’n gelowige nie! Die tien melaatses het aan al die vereistes van die wet voldoen, maar net een word deur Jesus ’n gelowige genoem!

Die verskil tussen geloof en ongeloof kom na vore die oomblik toe die tien melaatses sien dat hulle gesond is. Nege van hulle, almal Jode, doen wat die wet van hulle vereis. Hulle gaan so vinnig as wat hulle kan na die priesters toe om rein verklaar te word sodat hulle weer met hulle gewone lewe kan aangaan. Toe die Samaritaan egter besef dat hy gesond is, steek hy in sy spore vas en draai hy onmiddellik om. As verloste kind van die Here gaan hy in dankbaarheid na sy Verlosser terug. En kyk wat doen hy: hy het God hardop geloof en geprys. Dit kon die nege Jode ook gedoen het. Waar hulle hul ook al bevind het, kon hulle die lof aan die Here gebring het vir hulle gesondmaking.

Die Samaritaan het verder ook by die voete van Jesus neergeval, Hom in die geloof omhels en Hom gedank. Dit kon net hy doen omdat hy omgedraai het om na Jesus terug te gaan. Geloof is om in ’n persoonlike verhouding te leef! Geloof is genade in aksie!

*Sing: Psalm 31:15 en 17* *Ds. CS Grobler (Stellenbosch)*